Loop die Wedloop met Volharding

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: Eng/Afr. B182a

Skriflesing uit Heb.12:1-15

Kervers: 1- 'Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuienis rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê..'

Daar is 'n neiging onder Christene om aanvanklik met soveel ywer weg te spring maar na 'n ruk terug te sak en tot stilstand te kom. Soms selfs terug te val en in sonde te beland.

Daarom is dit so belangrik vir die Christen om aan te hou met hardloop. Om nie om te kyk of om te draai nie… hoe dikwels sien 'n mens dit doen op die atletiekbaan. Die jong atleet spring so goed weg maar dan kyk hy om en struikel.

Hoe dikwels gebeur dit netnie in die geestelike lewe nie. Mag God ons die genade gee om doelgerig en met mening vorentoe te beur. Die vyand kom so dikwels en herinner jou aan jou mislukkings van die verlede maar jy moet hom weerstaan en sê: ek het die wedloop begin en ek kyk nie agter my nie – my oog is gevestig op Jesus, my Leidsman en Voleinder van my geloof.

Paulus het vir Timótheüs gesê: Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.

Hierdie is die enigste gesindheid wat ons sal bring op die plek waar God ons wil hê. Jesaja het van Jesus geprofeteer en gesê: dat Hy Sy aangesig gerig het soos 'n keisteen om Sy roeping te volbring.

Mag ons ook so 'n gesindheid van volharding hê. Nêrens is daar groter vrede as om Jesus se juk op te neem nie, want Hy kom dan en plaas Sy skouer onder daardie juk en dra dit saam met jou.